Akademie Reformia
Soli Deo Gloria

✉ 483, THORNHILL PLAZA 0882
☎ (015) 296 8812 / 🖷 *(015) 296 8801*
e-pos: admin@akademiereformia.co.za
EMIS - nommer: 0904225655
Registrasienommer: 2010052

15 Maart 2019

Nuusbrief

Kwartaal 1: Iets van die verlede

Met die eerste kwartaal van 2019 wat tot 'n einde gesnel het, is dit tyd om vir 'n oomblik stil te staan en te besin oor die eerste deel van die jaar se gebeure. Soos die prediker verval ons soms in ons eie denke en vra onsself onwillekeurig die vraag af of alles nie maar tot niks kom nie. Inderdaad, as God die huis nie bou nie, dan bou ons tevergeefs, en dan kom alles tot niks.

Die prediker het tot die slotsom gekom dat daar geen waarheid of betekenis sonder God in ons lewens is nie. Ons besef dat selfs die beste pogings van 'n mens op die lange duur sonder waarde is. Kwartaal een was weereens 'n geleentheid vir Akademie Reformia om voort te bou aan ons Christusgesentreerde lewenslewensbeskouing, waar ons aanhou groei in die waarhede wat die Woord van God aan ons openbaar.

In die lig van die bogenoemde sien ons God se genadige Vaderhand, wat alles ten goede laat meewerk vir ons, sy kinders. Ons staan voorwaar in verwondering oor God se onbegryplike genade gedurende die eerste gedeelte van die jaar.

Personalia

In kwartaal een het ons gedeel in die leed van ons geliefdes. Ons was getref met groot beproewings. Daar is ouers wie verhuis het, werke verloor het en geliefdes aan die dood afgestaan het. Verder het ons saam getreur met die gemeenskap van Hoërskool Driehoek wat leerlinge aan die dood moet afstaan. Ons bid elke gesin wat deur 'n moeilike tyd gaan die Here se genade toe.

Ons kan getuig van groot dankbaarheid vir die nuwe gesinne wat by ons skool aangesluit het. Ons vertrou dat die christelike opvoeding wat Akademie Reformia bied vir alle leerlinge tot groot waarde sal wees.

Kleinbegin Pre-primêre

By Kleinbegin is elke nuwe dag vir ons kleuters 'n avontuur. Ons maak erns met speel, want dit is hoe ons leer en groei. Die kleuterskool se getalle het bestendig gegroei en ons is dankbaar om te rapporteer dat ons tans ongeveer 50 kleuters in die skool het. Daar is nagenoeg 25 maats wat van ons naskool-fasiliteit gebruik maak. In kwartaal een het ons kleuterskool-personeel hard gewerk om ons goeie dagprogram self nog verder te verbeter.

Akademie

Die skool kan met trots vermeld dat ons weereens puik uitslae behaal het in die 2018 Conquesta Olimpiade. Ons het in die volgende vakgebiede onder die nasionale top 20 geëindig: Graad 1 en Graad 3 Engels, 19de plek; Graad 4 Engels en Afrikaans, 9de en 11de onderskeidelik. Conquesta is egter net een van talle eksterne middele wat ons gebruik om die kwaliteit van ons onderrig te meet. In November skryf die graad 4 tot 7 leerlinge saam met meer as 10 000 skoliere landwyd gestandaardiseerde wiskunde vraestelle wat saamgestel word deur die Skoleondersteuningsentrum (ook beter bekend as SOS). Ons het in 2018 die eerste keer aan hierdie proses deelgeneem en ons poog om jaarliks op ons resultate te verbeter. Oud Reffies kom kuier op 'n gereelde basis en die terugvoer wat ontvang word met betrekking tot die aanpassing op alle terreine van 'n Hoërskoolloopbaan is baie positief en gerusstellend.

Atletiek

Op 19 Januarie het die skool se leerlinge aan ons Bokkesportbyeenkoms deelgeneem. Die Rooibokke het die Atletiek trofee gewen, met die Springbokke wat die sangtroffee verower het.

By die Ironwood privaatskole interlaer het ons leerlinge puik presteer. Daar was 'n aantal leerlinge wat deurgedring het na die kringbyeenkoms. Die skool se atletiek gaan jaarliks van krag tot krag. Soos oudergewoonte was die Instituut vir Christelike Ondewys se atletiekbyeenkoms die

seisoen se hoogtepunt. Die gees waarin daar deelgeneem word by dié byeenkoms is altyd bevorderlik tot die stig van goeie verhoudings tussen medegelowiges, hetsy ouer, onderwyser of kind. Dit bly ‘n voorreg om deel te wees van die ICO-familie.

UMALUSI Akkreditasie

Akademie Reformia kan met trots rapporteer dat die skool vanaf Maart 2019 ten volle geakkrediteer is deur die UMALUSI raad. Dit is voorwaar ‘n puik prestasie en ‘n aanduiding van die vooruitgang wat die skool bewerkstellig.

Rugby en netbal

Die rugby en netbal afrigting het reeds in Februarie begin. Ons sien uit om weer ons jaarlikse bulletjierugby- en mini-netbaldag op 13 April hier by ons eie terrein aan te bied. Daar neem jaarliks meer as 1000 leerlinge aan hierdie dag deel. Dit is een van ons grootste fondsinsamelings van die jaar en die hele skoolgemeenskap vat hande om die sukses van hierdie dag te verseker.

Vriende van Akademie

Vanjaar is die Vriende van Akademie-klub gestig. Graag gebruik ons hierdie geleentheid om die alle vriende van Akademie te bedank vir bydrae wat hulle lewer ter ondersteuning van die skool. Julle maak daadwerklik ‘n verskil in die lewens van jong verbondskinders en ter selfde tyd help julle bou aan ‘n toekoms vir Afrikaanse Christelike normatiewe onderwys. Ons doen ‘n beroep op alle lede van die klub om die inligting m.b.t. die klub so ver en wyd as moontlik te versprei om sodoende genoegsame steun ter uitbouing van die projek te bewerkstellig.

Bou van kultuursentrum

Die bou van ons nuwe kultuursentrum is afgehandel. Ons spog met ‘n pragtige lokaal waar leerlinge wêreldklas onderrig in die kunste geniet. Die projek was befonds deur die ouers van 2018/2019. Ons is opreg dankbaar vir die insette wat die skool se ouers lewer. Die geboue is net weer ‘n bewys dat die Here se voorsienigheid gedurig ons verwagtinge oortref. Dit wat aanvanklik onmoontlik gelyk het was binne 4 maande ‘n realiteit.

Psalm 48:2 – “Hoe groot is die Here! Hoe geweldig baie beteken Hy nie vir ons nie! Ons wil Hom maar net loof...” DB

Rekenaarsentrum

Ons spog ook met 'n splinternuwe rekenaarsentrum. Na skoolure word die fasiliteit deur leerlinge gebruik om navorsing te doen vir take en die aanbied van buitemuurse aktiwiteite soos "Young engineers".

Verfprojek

Die instandhouding en opknapping van ons pragtige terrein is iets wat voordurend aandag geniet. Die skool het in kwartaal een die hele skool se dakke geverf met die doel om die algemene voorkoms van die skool te verbeter. Ons betuig ons opregte waardering aan elke ouer wat behulpsaam was met die insameling van fondse vir hierdie projek. Ons skool lyk pragtig en ons is voorwaar trots op die voorkoms van ons pragtige fasiliteite.

Herwinning

Die skool het dit goed gedink om vanjaar 'n herwinningsprojek op die been te bring. Dit is vir ons belangrik om 'n kultuur van volhoubaarheid onder ons leerlinge aan te wakker en so doende die ekologiesevoetspoor van ons skool te verklein. Hierdie projek het met groot sukses in Januarie begin.

Psalm 24:1 - "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here…"

Boustene vir Christelik Normatiewe Onderwys

Ons vyf nuwe onderwysers het die Boustene kursus bygewoon. So verseker ons dat die personeel toegerus word om Bybelgesentreerde onderrig in die praktyk toe te pas en gefokus bly op dit wat ewigheidswaarde het.

Ten slotte

In die komende kwartaal sien ons uit na 'n propvol program waar ons as skoolgemeenskap voortbou aan 'n erfenis vir die komende generasie en om ons leerlinge normatief in die lig van God se Woord te onderrig. *Soli Deo Gloria*.

Vriendelike Akademie-groete

MNR. D.E.H. COMBRINK
HOOF: AKADEMIE REFORMIA